Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# Jurassic Park vir Robbeneiland

*Dinosourusse en mammoete* – genetiese manipulasie ál groter deel van ons lewe*

1 Drie navorsingsgroepe werk tans aan ŉ plan om mammoete te laat herlewe.

2 Mammoete – daardie olifantagtige gediertes in Disney se *Ice Age*-fliekreeks – het 4 000 jaar gelede uitgesterf. Dis nie te lank gelede nie; daar was nog mammoete in Siberië toe die Egiptenare die groot piramide van Giza gebou het!

3 Maar net miskien is ons generasie bevoorreg genoeg om weer mammoete in lewende lywe te sien. <u>Dit, ten minste, is wat die nuutste tegnologie beloof</u>, en wat drie navorsingspanne dryf. Elke span gebruik ŉ ander tegniek. Suid-Koreaanse span is op soek na lewendige mammoetselle in die Siberiese ontvriesde ys. ŉ Japannese span wil molekulêre biologie gebruik om mammoetselle in muise te kweek en die Amerikaners wil deur kloning Asiese olifante transformeer in mammoete.

4 Maar volgens Beth Shapiro, professor in ewolusionêre biologie in Kalifornië en skrywer van *Life as We Made It,* is al drie pogings redelik vergesog*. <u>Al hierdie spanne het ŉ verkeerde perd opgesaal</u>. Dis baie onwaarskynlik, verduidelik sy, dat lewendige selle in die Siberiese ys sou voortleef. En Asiatiese olifante en mammoete se DNS het byna 1 miljoen verskille. Dit gaan bitter lank vat om van Asiatiese olifant-DNS na mammoet-DNS in ŉ lewendige sel te beweeg.

5 Kom ons aanvaar dis tegnies moontlik. Die vraag is: Moet ons? Shapiro is versigtig. Sy skryf: "Terwyl wetenskaplikes eendag ŉ olifantgenoom kan verander in ŉ mammoetgenoom, en dan daardie sel kloon met olifantma om ŉ dier te kry wat soos ŉ mammoet lyk, is dit werklik ŉ mammoet?"

6 Ons almal weet dat ŉ identiese tweeling dieselfde lyk, maar as die een in ŉ ander omgewing grootword, is hulle werklik dieselfde? "Sal die baba-mammoet, blootgestel aan olifantkos en -gedrag, soos ŉ mammoet of soos ŉ olifant optree?"

7 ŉ Meer filosofiese vraag is seker: Hoekom wil ons mammoete – of enige ander uitgestorwe dier – terugbring? Is dit net om hulle weer te sien? Is dit om hulle te bestudeer? Of om met hulle te boer? Of dalk om geld uit hulle te maak? In Asië kan jy reeds jou troeteldier kloon teen ŉ geniepsige $100 000, natuurlik.

Kopiereg voorbehou 

8 Genetiese manipulasie hou geweldige moontlikhede vir die toekoms in, vir mens en dier. Haar eie navorsing, oor die bison van Amerika, wys hoe die mens oor duisende jare reeds die genetika van hierdie diere onwillekeurig gemanipuleer het: die bison is vandag baie kleiner as voorheen. Daar is natuurlik baie ander voorbeelde in die diereryk, byvoorbeeld beeste wat 10 500 jaar gelede selektief geteel is vanaf aurogs. Soos mense al hoe meer op een plek begin bly het, het hulle waarskynlik wilde aurogs gevang en dan net die mins aggressiewe bulle gekies om mee te teel. Oor honderde generasies het nuwe spesies ontstaan.

9 Wat nuut is, is die spoed waarteen ons vandag nuwe spesies kan skep. Tegnologie soos CRISPR – ontwikkel deur Jennifer Doudna en Emmanuelle Charpentier in 2012 – laat wetenskaplikes toe om binne een generasie ŉ dier se eienskappe te selekteer. Shapiro beskryf so ŉ eksperiment – die poging van die biotegnologiemaatskappy, *Recombinetics*, om horinglose holsteinbees te ontwikkel. In 2015 is Buri en Spotigy gebore uit embrio's wat gemanipuleer is. Albei het nie horings gehad nie. Sukses!

10 Maar daar was ook uitdagings. Een was dat die Amerikaanse regulatoriese* owerhede addisionele genetiese materiaal gevind het. Daar was ook ander tegniese bekommernisse, wat veral slegte en onregverdige sensasionele persdekking in Amerika gekry het. Die hele eksperiment, ten spyte van die sukses, is stopgesit.

11 ŉ Mens kan produkte met ŉ swaar las op die omgewing vervang. Die maatskappy, *Impossible Foods*, is besig om vegetariese burgers met laer vetinhoud te maak wat soos die ware Jakob proe. Hul geheime bestanddeel? Plantbloed vervaardig deur geneties-gemanipuleerde gis. Gis is ŉ wondermiddel. Die maatskappy, *Bolt Threds*, manipuleer gis vir tekstielware. Die maatskappy, *Modern Meadow*, manipuleer gis om leer te vervaardig. Let wel, dit is nie kunsmatige leer nie, dis ware leer, behalwe dat mens nie dier daarvoor hoef te slag nie. Soos die koste van manipulasie en vervaardiging daal, gaan die ekonomiese moontlikhede toeneem. Boere sal moet wakker slaap.

12 Die volgende stap is die manipulasie van die menslike genoom. Hoewel die meeste van ons manipulasie van plante en diere aanvaar, is ons minder opgewonde oor die selektering van spesifieke eienskappe in babas. Ek weet nie of ek my kind se karaktereienskappe op ŉ spyskaart wil kan uitkies nie.

13 Daar is geen twyfel dat genetiese manipulasie deel van ons toekoms sal wees nie. Daar is groot mediese, regulatoriese en etiese kwessies wat uitgeklaar sal moet word.

14 Maar daar is ook die moontlikheid, soos Shapiro verduidelik, <u>om die wêreld ŉ beter plek te maak</u>. Jurassic Park op Robbeneiland? Dalk nie so onwerklik soos dit klink nie.

***mammoete** – prehistoriese, behaarde olifantsoort
***regulatoriese** – wat bepaal of voorskrifte nagekom word
***vergesog** – wat nie in noue verband met die onderwerp staan nie

[Verwerk uit *Rapport,* 9 Januarie 2022]

Kopiereg voorbehou 

## TEKS B: VISUELE TEKS




7 Maart 1997, sowat 'n jaar ná Dolly, 'n Skotse skaap, die eerste soogdier is wat suksesvol van 'n volwasse sel gekloon is, bespiegel wetenskaplikes en genetici oor die lewensvatbaarheid van mense kloon.

[Uit *Landbouweekblad,* 1 Mei 2019]

## VRAE: TEKS A

1.1 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit die subopskrif aan wat by die hoofopskrif aansluit. (1)

1.2 Waarom beskou die skrywer 4 000 jaar gelede nie as lank gelede nie? (1)

1.3 Waarom word die poging van die Japannese span om mammoete te laat herleef as ironies beskou? (1)

1.4 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 3 en die volledige paragraaf 4.

Hoe weerspreek die onderstreepte sin in paragraaf 3 Beth Shapiro se sienings? (1)

1.5 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 4.

1.5.1 Verduidelik die betekenis van die uitdrukking binne die konteks waarin dit hiér gebruik word. (1)

1.5.2 Sê waarom Beth Shapiro se mening oor die mense se pogings om mammoete te probeer 'skep' as geloofwaardig beskou kan word. (1)

Kopiereg voorbehou

1.6 Herlees paragraaf 5.

1.6.1 Wat word geïmpliseer met die woorde: 'Shapiro is versigtig'? (1)

1.6.2 Gee TWEE redes waarom 'n retoriese vraag gebruik word om paragraaf 5 af te sluit. (2)

1.7 Sê in EEN volsin wat die kritiek is op die skepping van 'n mammoet. (1)

1.8 Noem VIER redes waarom mense moontlik die mammoet wil laat herleef. (4)

1.9 Verduidelik waarom die kloning van 'n troeteldier, volgens jou, as 'n goeie of slegte idee beskou kan word. (1)

1.10 Herlees paragraaf 8.

Stem jy saam met prof. Shapiro se stelling oor die bison as gemanipuleerde dier? (1)

1.11 Is die voorlaaste sin in paragraaf 8 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.

1.12 Herlees paragraaf 10. (1)

1.12.1 Gee TWEE redes waarom die pogings om 'n horinglose bees te ontwikkel gestaak is, hoewel dit suksesvol aangepak is. (2)

1.12.2 Skryf 'n woord uit paragraaf 10 neer wat 'n direkte teenstelling van die laaste woord in paragraaf 9 is. (1)

1.13 Herlees paragraaf 11.

1.13.1 Bespreek waarom die manipulasie van gis vir tekstielware nie nét voordeel vir die mensdom inhou nie. (1)

1.13.2 Noem TWEE voordele wat die manipulasie van gis vir die mens inhou. (2)

1.14 Evalueer die moontlikheid om werklik van Robbeneiland 'n Jurassic Park te maak, na aanleiding van die inhoud van TEKS A. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.15 Dink jy die hond is geïnteresseerd in die man se woorde? Motiveer. (1)

1.16 Gee TWEE visuele bewyse dat die vrou verward is ná sy haar man se woorde gehoor het. (2)

Kopiereg voorbehou

**VRAAG: TEKS A en TEKS B**

1.17 Wat impliseer die man met die koerant met sy woorde rakende die man wat herhaaldelik in sy gedagtes voorkom? (1)

1.18 Waarom kan 'n mens sê dat die boer se reaksie in TEKS B 'n kontras vorm, met die onderstreepte sinsdeel in die laaste paragraaf van TEKS A? (1)

1.19 Bespreek hoe die verwysing na genetiese manipulasie in TEKS A, paragraaf 12, verskil van die genetiese manipulasie in die sin direk onder die spotprent (TEKS B). (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE wenke om 'Covid-brein' teen te werk.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike, volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**COVID-BREIN**

Covid-brein is ŉ skrikwekkende ervaring wat veroorsaak dat selfs jongmense dink dat hulle Alzheimersiekte ná die virus het. Dit veroorsaak dat jy mense se name vergeet, onbewus is wat jy vroeër gedoen het en take wil herhaal. Die ergste wat kan gebeur, is dat jy ŉ neuroloog besoek om hom mee te deel dat jy Covid-19 gehad het, maar dan vergeet jy hoekom jy daar is.

Aangesien hierdie ervaring nuut is, weet mense nie wat om te doen nie en volg moontlik verkeerde raad. Die beste raad is om met ŉ kenner soos ŉ sielkundige oor angs en depressie te praat. Dit bly ŉ vorm van terapie vir die siel as jy van jou laste kan ontslae raak deur daaroor te praat. Soms voel jy ná so ŉ sessie of daar ŉ massiewe las van jou skouers afgegooi is. Dit is ook aan te beveel om na musiek te luister, want dit bring kalmte in jou gemoed en verbeter breingesondheid.

Dit is goed om ŉ Mediterreense dieet wat uit groente, vrugte, neute, bone, volgraanprodukte, onversadigde vette en suiwelprodukte bestaan te volg en alkohol en dwelms te vermy. Wat ŉ mens inneem, het tog ŉ groot impak op jou gemoed.

Kenners reken ook dat die toestand vererger word indien ŉ mens nie genoeg slaap inkry nie, want dit is ŉ bewys dat ŉ brein wat genoeg rus kry, gouer herstel. Baie volwassenes glo dat net groeiende kinders ag uur of meer per nag se slaap moet inkry, maar dit is beslis nie ŉ reël slegs vir kinders nie.

ŉ Baie vinnige lewenstempo kan ook net meehelp om die situasie te vererger. ŉ Lewenstempo wat te hoog is, plaas eenvoudig net te veel druk op jou as mens.

Positiewe denke is ŉ wonderlike teenmiddel om Covid-brein teen te staan, want wanneer jy aan positiewe dinge dink, word jou gemoed onmiddellik gelig en dit kan kort- en langtermynvoordele vir jou inhou.

Dis ŉ ongelooflik frustrerende gevoel as jy skielik iemand bekend se naam vergeet het of maklike woorde wat jy wil uitspreek, nie kan onthou nie

[Verwerk uit *rooirose,* Januarie 2022]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Tuis,* Febr./Maart 2021.]

3.1 Watter boodskap wil die adverteerder met reël 1 en 2 oordra? (1)

3.2 Verwys na die groter letters en lettertipes in reël 1 tot 4.

3.2.1 Hoe beïnvloed die groter letters in reël 1 tot 4 die leser? (1)

3.2.2 Sal jy die gebruik van dié tipe letters as funksioneel beskou? Verduidelik jou antwoord kortliks. (1)

3.3 Hoe word die leser in reël 5 betrek? (1)

3.4 Waarom maak die adverteerder van die woorde **'besige lewens'** in reël 5 gebruik? (1)

3.5 Hoe ondersteun die foto die boodskap van die advertensie? (1)

3.6 Watter oorredingstegniek gebruik die adverteerder in reël 10 en 11? (1)

3.7 3.7.1 Waarom is die gebruik van die woord **hupstoot** in reël 12 na jou mening gepas? (1)

3.7.2 Verskaf 'n sinoniem vir die woord **hupstoot** in reël 12. (1)

3.8 Gee die afkorting van die onderstreepte woord in reël 12. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**


**ZITS 1**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




**ZITS 2**

**RAAMPIE 4** **RAAMPIE 5** **RAAMPIE 6** **RAAMPIE 7**




[Verwerk uit https://www.comicskingdom.com]

Kopiereg voorbehou 

## TEKS E

4.1 Waarom is die onderstreepte woord in RAAMPIE 1 na jou mening gepas? (1)

4.2 Wat is die rede waarom Jeremy se lag in RAAMPIE 3 anders uitgebeeld word, as sy lag in RAAMPIE 1? (1)

4.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.3) en die letter (A–D) neer.

In RAAMPIE 3 is Jeremy ...

A teleurgesteld.
B gefrustreerd.
C sarkasties.
D gelukkig. (1)

4.4 Watter stereotipering van seuns word in RAAMPIES 1–3 uitgebeeld? (1)

4.5 Wat is die funksie van die ellips in RAAMPIE 4 binne die konteks van die strokie? (1)

4.6 Verklaar die rede vir die meisie se gesigsuitdrukking in RAAMPIE 7. (1)

4.7 Verduidelik watter ironie is in Jeremy se woorde in RAAMPIE 7 opgesluit. (1)

4.8 Verskaf 'n gepaste voornaamwoord in die plek van die onderstreepte woorde in RAAMPIE 7. (1)

4.9 Dui 'n vorm van oordrywing én stereotipering wat in RAAMPIES 4–7 voorkom, afsonderlik aan. (2)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### (5.1) BEDREIGDE DIERESPESIES

1 Diere is (5.2) belangrik in die werking van die natuur, maar baie van hulle word bedreig. As ons hulle nie bewaar nie kan hulle (5.4) **eendag** uitsterf.

2 **Plaaslike diere op die Rooi Lys:**

Swartrenoster **3 142** ((5.5) Dís hoeveel volwassenes oor is. Danksy ingryping neem die getalle toe, maar dit word steeds bedreig.)

3 Meer as 40 000 (5.6) dierespesies word deur uitsterwing bedreig.

4 **Wat bedreig diere se bestaan?**

Baie diere word onwettig gejag vir ornamente of om as medisyne gebruik te word. Renosters se horings en ietermagô's se huidskubbe word byvoorbeeld gebruik as medisyne, want sommige kulture glo dit het magiese genesings- eienskappe.

5 Ander (5.7) (mens) aktiwiteite wat diere se voortbestaan in gevaar stel, is die vernietiging van hul habitatte. Hul habitatte word besoedel, verwoes deur middel van ontbossing, aardverwarming en die bou van omgewings vir mense om te bly.

6 **Hoekom maak diere saak?**

Wanneer diere uitsterf, beïnvloed dit ekostelsels. Die balans tussen die spesies, en daarom ook die gehalte van die (5.8) voedselketting neem af.

[Verwerk uit *Kuier,* 3 Maart 2022]

**VRAE: TEKS F**

5.1 5.1.1 Gebruik die stam van die onderstreepte woord in die opskrif om 'n teenwoordige deelwoord te vorm. Gebruik nou hierdie teenwoordige deelwoord in 'n verklarende sin. (1)

5.1.2 Benoem watter woordsoort dit nou is. (1)

5.2 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

5.3 Verbeter die leestekenfout in paragraaf 1 deur die sin korrek neer te skryf en noem ook die funksie van die leesteken. (2)

5.4 Gebruik die donkergedrukte woord in paragraaf 1 as twee woorde in 'n verklarende sin. (1)

5.5 In paragraaf 2 word 'n akuut gebruik ter wille van beklemtoning. (Dís) sê of dit, volgens jou mening, nodig is om hierdie woord hier te beklemtoon. (1)

5.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.6) en die letter neer.

In paragraaf 3 is die onderstreepte woord 'n ...

A simpleks.
B afleiding.
C samestelling.
D samestellende afleiding. (1)

5.7 Maak gebruik van afleiding om die woord tussen hakies in die korrekte vorm te verbuig. Skryf slegs die woord neer. (1)

5.8 Verdeel die onderstreepte woord in klankgrepe. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ʼn hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ʼn ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1 (*Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie*.)** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Dinosourusse en mammoete √ | 1 |
| 1.2 | Dit was ongeveer dieselfde tyd toe die piramide van Giza gebou is / In terme van die bestaan van die aarde is 4 000 jaar min. √ | 1 |
| 1.3 | As selle van ʼn mammoet gekweek word, verwag ʼn mens dat dit uit ʼn groot dier sou kom, maar ʼn muis is ʼn klein dier. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie aanbied vir EEN punt.* | 1 |
| 1.4 | Die sin skep die indruk dat dit ʼn realiteit kan wees om mammoete te sien, terwyl prof. Shapiro glo dis vergesog / sy dink dis onwaarskynlik. √ | 1 |
| 1.5.1 | Hulle sal nie hul pogings om mammoete te laat herlewe, kan deurvoer nie. √ | 1 |
| 1.5.2 | Sy is ʼn professor (in ewolusionêre biologie) / is ʼn kenner / het reeds ʼn boek oor dié onderwerp geskryf. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN van bogenoemde antwoorde vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6.1 | Sy wil nie ŉ presiese mening lug nie / sy twyfel oor die vraag: of ons mammoete moet laat herlewe. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 1.6.2 | Dit betrek die leser /<br>Dit laat die leser nadink oor die vraag /<br>Dit dui op die spreker se skeptisisme. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE van bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 1.7 | Die eindproduk lyk soos ŉ mammoet, maar is nie werklik ŉ mammoet nie /<br>Die mammoet sal eerder soos ŉ olifant optree. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 1.8 | Om hulle moontlik te sien √<br>om hulle te bestudeer √<br>om met hulle te boer √<br>om geld uit hulle te maak. √ | 4 |
| 1.9 | Ja, dis ŉ goeie idee.<br>Mense raak so lief vir diere dat hulle hul troeteldier kan 'vervang'.<br><br>**OF**<br>Nee, dis ŉ slegte idee<br>Die koste is te hoog / Daar is te veel etiese kwessies rondom kloning. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 1.10 | Ja<br>Daar word bewys dat die bison vandag soveel kleiner is.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die manipulasie met die bison was onwillekeurig / dus nie opsetlik beplan soos vandag se mammoete nie. √ | 1 |
| 1.11 | Mening – Daar word genoem dat hulle 'waarskynlik' aurogs gevang het. √ | 1 |
| 1.12.1 | Die Amerikaanse regulatoriese owerhede het addisionele genetiese materiaal gevind /<br>Daar was ander (ongenoemde) tegniese bekommernisse /<br>Daar was negatiewe sensasie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE van bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 1.12.2 | uitdagings / bekommernisse / stopgesit √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13.1 | Boere wat met beeste boer, sal benadeel word wanneer beesvelle nie meer nodig vir leer is nie. √ | 1 |
| 1.13.2 | Vegetariese burgers proe al soos die "gewone". √<br>Leer word vervaardig sonder om 'n bees te slag. √ | 2 |
| 1.14 | Dit is moontlik, want genetiese manipulasie is 'n realiteit.<br><br>**OF**<br><br>Dis nie moontlik nie, want volgens prof. Shapiro is pogings om mammoete te laat herlewe, vergesog / tans nog onmoontlik. √ | 1 |
| 1.15 | Nee, sy oë is toe / hy toon geen reaksie / die hond slaap. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN van bogenoemde antwoorde vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.16 | Die vraagteken bokant haar kop /<br>haar wenkbroue /<br>haar oë wat groot is /<br>Sy hou op vee. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE van bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.17 | Dié man moet tog nie gekloon word nie /<br>Hy hou glad nie van die persoon nie. √ | 1 |
| 1.18 | Indien iemand gekloon word van wie die boer nie hou nie, voel hy nie dat die wêreld 'n beter plek gemaak word nie. √ | 1 |
| 1.19 | In TEKS A word slegs verwys na die manipulering van die menslike genoom (en sekere eienskappe van die mens);<br>in TEKS B word na die volledige kloning van mense / soogdiere verwys. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante aanbied vir EEN punt.* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B:**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming:**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 wenke (1 punt vir elke wenk)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal: 10

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

**Moontlike antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

| |
|---|
| Praat met ŉ sielkundige oor jou probleme. Luister na musiek. Volg ŉ Mediter-reense dieet. Vermy alkohol en dwelms. Kry genoeg slaap in. Sorg dat jy nie ŉ vinnige lewenstempo handhaaf nie. Hou jou besig met positiewe denke. **[Getal woorde: 37]** |

| AANHALINGS UIT DIE TEKS | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|
| • **“…om met ’n kenner soos ’n sielkundige oor angs en depressie te praat.”** | Praat met ’n sielkundige oor jou probleme. |
| • **“Dit is ook aan te beveel om na musiek te luister, …”** | Luister na musiek. |
| • **“Dit is goed om ’n Mediterreense dieet … te volg …”** | Volg ’n Mediterreense dieet. |
| • **“… en alkohol en dwelms te vermy.”** | Vermy alkohol en dwelms. |
| • **“… die toestand vererger word indien ’n mens nie genoeg slaap inkry nie, …”** | Kry genoeg slaap. |
| • **“’n Baie vinnige lewenstempo kan ook net help om die situasie te vererger.”** | Sorg dat jy nie ’n vinnige lewens-tempo handhaaf nie. |
| • **“Positiewe denke is ’n wonderlike teenmiddel om Covid-brein teen te staan, …”** | Gebruik positiewe denke om Covid-brein teen te werk. |
| | **(Getal woorde: 37)** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudige keusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

### VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die drankie is ŉ vinnige, maklike en smaaklike drankie. √ | 1 |
| 3.2.1 | Dit trek die leser se aandag /<br>Dit laat die leser op die advertensie fokus /<br>Dit laat die leser wonder waaroor die advertensie handel /<br>Die leser sien die advertensie dadelik raak. √ | 1 |
| 3.2.2 | Ja.<br>Dit ondersteun die drankie wat vinnig, maklik en smaaklik is om te geniet /<br>Dit staan uit tussen die ander teks /<br>Dit is ŉ ander lettertipe as die ander. √<br><br>**OF**<br>Nee.<br>Die woorde staan teen ŉ ander agtergrond wat dit onnodig maak om nog ŉ keer uit te hef. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortegelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Deur die gebruik van die woord "ons" /<br>Die woord "ons" dui op gemeensaamheid. √ | 1 |
| 3.4 | Dis om aan te sluit by die woorde "tussenin-oomblikke" /<br>Dis om die leser te manipuleer / oorreed om wel die drankie te probeer in jou besige lewe se tussenin-oomblikke. /<br>Dis om die leser te oortuig / oorreed. √ | 1 |
| 3.5 | Die meisie hou die drankie op die voorgrond – asof sy wil sê: "Hier, vat" /<br>Die meisie hou die drankie op só ŉ manier dat die naam duidelik wys. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.6 | Dit beklemtoon dat ŉ mens slegs Super M benodig /<br>Die adverteerder gebruik ŉ uitroepteken om te beklemtoon dat Super M al is wat jy benodig /<br>Deur vetgedrukte woorde te gebruik. √ | 1 |
| 3.7.1 | In die namiddag kan ŉ mens maklik ŉ tekort aan energie / lus vir verdere take hê en dit is dan wanneer Super M tot die redding kom. √ | 1 |
| 3.7.2 | opkikker / opkikkering / hulp / bate / verbetering / voordeel / groei / bonus √ | 1 |
| 3.8 | nm. √ | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit is die troetelnaam vir die ma /<br>Dit dui op liefde vir die ma /<br>Emotiewe taal dui liefde aan. √ | 1 |
| 4.2 | In raampie 1 vind hy die sêgoed humoristies / gee ŉ normale / matige laggie;<br>in raampie 3 oordryf hy / is sy lag hewiger / lag hy harder / gee hy sy afkeur / misnoeë (oor sy pa se voorstel) te kenne. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante aanbied vir EEN punt.* | 1 |
| 4.3 | C – sarkasties √ | 1 |
| 4.4 | Hulle is lui om skottelgoed te was. √ | 1 |
| 4.5 | Die ander bestanddele word nie genoem nie omdat dit so baie is /<br>Die kelnerin word onderbreek deur Jeremy wat antwoord.√ | 1 |
| 4.6 | Sy is geskok / verbaas / oor Jeremy se eetvermoë / teleurgesteld in / skepties oor sy arrogansie om nog van haar kos ook te vra.√ | 1 |
| 4.7 | ŉ Mens sou verwag dat iemand wat reeds so baie geëet het, nie nog wil hê nie /<br>ŉ mens verwag dat iemand wat baie geëet het, nie sal bedel by iemand wat min geëet het nie. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie aanbied vir EEN punt.* | 1 |
| 4.8 | daarvan √ | 1 |
| 4.9 | oordrywing: Daar word oordryf met die grootte van die burger / hóé baie Jeremy eet / hoe min die meisie eet. √<br>stereotipering: Seuns eet baie. / Meisies eet min. √ | 2 |
| | | **[10]** |

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Hy neem 'n dreigende houding in. /<br>Hy stap dreigend verby die persoon wat hom kwaad maak. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke voorbeelde aan.* | 1 |
| 5.1.2 | byvoeglike naamwoord (dreigende houding) /<br>bywoord (stap dreigend) √ | 1 |
| 5.2 | lewensbelangrik √ | 1 |
| 5.3 | As ons hulle nie bewaar nie, kan hulle uitsterf. √<br>Die komma skei twee gesegdes. √ | 2 |
| 5.4 | Een dag – nie twee nie – is nodig om die werk te voltooi.√ | 1 |
| 5.5 | Ja<br>Die leser se aandag word gevestig op die klein hoeveelheid swartrenosters wat nog bestaan.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die getal is reeds beklemtoon deur die grootte van die syfers. √ | 1 |
| 5.6 | D – samestellende afleiding √ | 1 |
| 5.7 | menslike √ | 1 |
| 5.8 | Voed(t) – sel – ke – ting √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou